NG KERK
KUILSRIVIER-DE EIKE

AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS

SONDAG 8 AUGUSTUS 2021

ELFDE SONDAG IN KONINKRYKSTYD

GEMEENTE DAGBOEK

GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK
ONS BID VIR DIE LEIERS VAN ONS LAND

LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK
Efesiërs 4:25–5:2; 2 Samuel 18:5-9, 15, 31-33
Psalm 130; Johannes 6:35, 41-51

SONDAG, 8 AUGUSTUS	
09:30	Oggenddiens in die Kerk - Ds Hannes Burger **Geen** Kinderkerk - afnaweek Deuroffer ten bate van Makhathini Erediensspan 1 – Chris van Niekerk **Geen** Aanddiens **Geen** Senior Kategese
MAANDAG, 9 AUGUSTUS	
	NASIONALE VROUEDAG
DINSDAG, 10 AUGUSTUS	
09:30 18:00	Senior Burger Bybelstudie Manne Bybelstudiegroep
WOENSDAG, 11 AUGUSTUS	
09:30 09:30 19:00	Vroue Bybelstudie Othello Bybelstudie Erediens & aanbidding Kommissie – vergadering in konsistorie

DONDERDAG, 12 AUGUSTUS
09:30 Dienssentrum vir Seniors: Bingo & Broodjies Geen Openbaring Bybelstudie Sopbeurte: Charlene Botes, Mari Bothma, Ronel Le Grange, Roezan Lewis Juanita Horn, Tillie van Tonder, Lyta van Wyk 19:00 Getuienisaksie Kommissie – vergadering in konsistorie
VRYDAG, 13 AUGUSTUS
SATERDAG, 14 AUGUSTUS
SONDAG, 15 AUGUSTUS
TWAALFDE SONDAG IN KONINKRYKSTYD VROUESONDAG 09:30 Oggenddiens in Kerk 09:30 Kinderkerk Deuroffer ten bate van MES Kaapstad Erediensspan 2 – Lorraine Louw **Geen** Aanddiens 18:00 Senior Kategese

KONTAKBESONDERHEDE

Ds Chris Barnardo	082 822 6619	(021 982 7076 Bestaan nie meer)
Ds Hannes Burger	084 627 3746	(021 903 1798 Bestaan nie meer)

GEMEENTENUUS

1. John Minnie (Gladiolistraat) is oorlede.
2. Stiaan en Danel van Zyl (Graylingstraat) het ‘n baba seun, Ricus, ryker geword. Riaan en Christeen van Zyl (Graylingstraat) is die grootouers. Dit is Trienie Botes (Christeen se ma) se eerste agterkleinkind.
3. Lynne Nel (Peperboomstraat) ondergaan in die week mediese toetse.
4. Marie de Wit (Othello) gaan in die week hospitaal toe vir mediese toetse.
5. Deslin en Raylene Bowers (Linkwoodstraat) het ‘n baba seun ryker geword. Die trotse ouma is Margaret Pitt (Saddlestraat).
6. Christiaan Visser (Jan Krielskool) het ‘n draai in die hospitaal gemaak.
7. Die gaan nie goed met tannie Ria van Niekerk (Riana Fick se ma) nie. Twee nabye familielede van Riana is ook die afgelope tyd oorlede.
8. Ds Chris Barnardo is tans met verlof. Indien jy ‘n leraar benodig kontak ds Hannes.

VERJAARSDAE VIR DIE WEEK

08/08 Janré Nieuwoudt, Annica Strydom, Juanita Horn
09/08 Elsa Lombard, Frantz du Raan, Gerrit van Wyk, Petrus Theron, Gerida Grobler
10/08 Louis Cloete, Milana Myburgh
11/08 Tinus Ferreira, Katja Rossouw, Trudie de Wit, Nandi Swanepoel
12/08 Sybil Smit, Ben Swart, Cassie Greeff, Elandré Smuts, Janneke Osborn, Johan Joubert, Annie Lehman
13/08 Hanlie Ochse, Cor Viljoen, Ansie van Niekerk, Sonelle Roux, Petro Rossouw
14/08 Ena Knoetze, Ciska Myburgh, Wouter Kleinhans, Ria Traut, Christie Matthee, Olga Niehaus

EREDIENSTE

Bywoningsgetalle is beperk tot 50 per byeenkoms. Almal wat die Erediens en kinderkerk (soos gereël) wil bywoon moet elke week hul naam op die lys by die kerkkantoor plaas. Besoek hulle of kontak hulle telefonies by 021 903 3818 gedurende kantoorure.

Die diens word op De Eike se YouTube kanaal uitgesaai. Die uitsending begin om 9:25 en sal dus die voorsang en aankondiginge insluit. Skakel asb in soos dit jou eie behoeftes pas.

Daar is **nie aanddienste nie**, maar die Senior kategese klasse vind plaas om 18:00 in die kerkgebou.

Ons wys net ons lidmate daarop dat met die veranderde skoolkwartale vanjaar se almanak ietwat verander het. Ons sal julle weekliks op hoogte hou van die program soos aangepas.

JAARPROGRAM DATUM WYSINGINGS

Vanweë die feit dat die skole later begin het as wat aanvanklik beplan was, het die Dept van Basiese Onderwys die skoolkwartaal datums gewysig.

Die datums soos aangedui op De Eike se jaarprogram is dus nie korrek nie. Die nuwe datums is soos volg:

1ste Kwartaal	15 Feb - 23 Apr
2de Kwartaal	3 Mei - 30 Jun
3de Kwartaal	26 Jul - 1 Okt
4de Kwartaal	11 Okt - 15 Des

DROP & GO

Baie dankie vir die mooi reaksie van ons lidmate wat ons so getrou ondersteun. Danksy almal se ruim bydraes kan ons gereeld kospakkies voorsien aan ons behoeftige lidmate.

Bydraes kan steeds deur die loop van die week, tydens kantoorure, by die kerkkantoor afgegee word.

Alle voorrade is baie laag: Bikkies kos, Droë rantsoene, Toiletware, Melk, Koffie, ens.

Baie dankie vir jul voortgesette ondersteuning.
Cedric en Piet

JEUGKOMMISSIE PROJEK

Die Jeugkommissie vul leë glasflesse met sopbestanddele om 'n ***Jar Of Hope*** te maak wat saam met die kospakkies versprei word na behoeftige lidmate. Ons gee ook daarvan aan die Susan La Poorta Kinderhuis in Sarepta.

Hulle benodig die volgende

- "Split peas"
- Sop mengsel
- Lensies
- Blokkie "stock"
- Pakkies soppoeier

Bydraes kan by die kerkkantoor afgegee word. Merk asb duidelik JEUG/SOP.

VANDAG SE SINODALE DEUROFFER

Makhathini

Makhathini, net Suid van die grens met Mosambiek, is besonder warm en onherbergsaam. Arm, dikwels ongeletterde mense vorm hier 'n besondere gemeente. Die werk dateer van voor 1923. Die gemeente het sowat 700 lidmate wat by 22 preekpunte bedien word. Evangelisasie veldtogte, sewe kleuterskole, naaldwerkopleiding, 'n baie geslaagde mangoboomprojek en 'n bloekomplantasie kry gefokusde aandag. Die begroting van sowat R900 000 per jaar wat tans sewe werkkragte en van die projekte bekostig, word geheel en al van vrywillige bydraes en geloofsgelofteoffers verhaal. 'n Mooi getal gemeentes en instansies vorm saam met die Diensgroep vir Getuienis die Makhathini vennootskap wat die besoeke en uitreikwerk koördineer en bystand verleen.

PROTEAHOOGTE GEMEENTE

WINTERMARK
30 Augustus - 4 September 2021

STALLETJIES | ARTS AND CRAFTS | LEKKER ETES

Maandag tot Vrydag
10:00 tot 19:00

Saterdag
09:30 tot 15:00

75 Heuwelstraat, Proteahoogte, Brackenfell

VIR MEER INLIGTING KONTAK:
Kerkkantoor: 021 982 1041 | kkantoor@proteahoogte.co.za

WYNVEILING

Ons hou weer De Eike se jaarlikse Wynveiling, DV op 13 Oktober 2021 by Kaapzicht.

Koste is R250 p/p. Kontak die kerkkantoor vir meer inligting.

DIE FONDSE KOMMISSIE Sê DANKIE

Baie dankie vir elke bydrae wat ons gedurende Julie ontvang het! Ons is oneindig dankbaar vir lidmate wat hulle debietorders se bedrae verhoog het, maar veral ook vir lidmate wat dankoffers gegee wat nie voorheen bydraes gemaak het nie. Die aantal bydraes as persentasie van besoekpunte, het gestyg vanaf 49% in Junie, tot 56% in Julie. Anders gestel: ons het gedurende Julie 391 bydraes ontvang, teenoor 340 bydraes in Junie.

Julie se syfers vergelyk as volg met Junie:

	Junie 2021	Julie 2021
Totale inkomste	273 685	348 498
Totale uitgawes	335 527	257 454
Surplus / (Tekort)	(61 842)	91 044

DE EIKE FONDSINSAMELING

GROENBOKS

Hoe klink ’n boks propvol groente teen ’n bekostigbare prys vir jou? Dit is wat die Bottelary Plaaswyk teen die einde van Augustus 2021 vir ons gaan aanbied sodat die fondse van De Eike aangevul kan word. Clayton van Zyl, Bottelary se blokleier, neem die leiding en gaan 200 van hierdie **GroenBokse** met ’n verskeidenheid van groente in die gemeente verkoop.

Ingesluit in die GroenBoks gaan die volgende wees:

- 1 kg Aartappels
- 1 kg Uie
- Spinasie
- Kool
- Blomkool
- Beet
- Wortels
- Kropslaai

(foto ter illustrasie)

Dit alles vir die winskoopprys van R130.00 !!!!

Wat moet jy doen om te deel in hierdie aanbod?

- Kontak die kerkkantoor om jou **GroenBoks** te bestel
- Betaal jou **GroenBoks** (die bestelling word eers bekragtig sodra die betaling ontvang is)
- Saterdag 28 Augustus 2021 tussen 9:00 en 12:00 gaan haal jy jou **GroenBoks** met heerlike vars groente by Clayton op die plaas Avalon, Bottelary Pad (net ná die robot by die Kuilsrivier Gholfbaan)

Kontak dus so spoedig moontlik die kerkkantoor gedurende kantoorure om seker te maak dat jy van hierdie heerlike vars, gesonde groente kry.

Tel nr 021 903 3818

Kantoorure: Maandag tot Vrydag 08:00 tot 12:00

Onthou, daar is net 200 bokse beskikbaar. So, jy moet gou spring om teleurstelling te voorkom!!

PREEKSKETS

TEMA - DIE PRAKTYK VAN CHRISTENSKAP

Prediker: Ds Hannes Burger

Skriflesing: Efes. 4: 25- 5: 2

Baie mense (selfs kerkmense!) lewe asof Christenskap net ‘n stel reëls is.

- Doen dit alles gehoorsaam, en jy sal wel (hopelik) hemel toe gaan...
- Dit maak Christenskap niks ander as enige ander (wettiese) godsdiens nie.
- En nou klink die laaste deel van die Efesiër-brief ook bietjie so!
- Maar dis baie ver van die waarheid af!

1. **Christenskap se vertrekpunt is *‘n verhouding* met God**.
   - Kom ons begin op die regte punt: 5:1: “Omdat julle kinders van God is...”
   - Christenskap gaan nie oor reëls nie; dit gaan oor *‘n verhouding*. Oor kindskap.
   - As kind van God, is Hy jou Rolmodel.
   - Dit gaan nie oor koue reëls nie, maar oor ‘n praktiese, lewende voorbeeld!

2. **Dis praktiese navolging van sy Seun Jesus**.
   - Niks van Efesiërs 4-5 het jy nie reeds duidelik *in Hom* gesien nie!
   - Sy nederige offer en sy toewyding het aan ons die lewe besorg!
   - Hoe kan ons, as sy volgelinge, dan selfgerig en dislojaal wees?
   - Ons verhouding met Jesus bepaal ons verhouding met mekaar...

3. **Dis ‘n lewe in respek vir die Heilige Gees**.
   - Die Gees is na alles die rede hoekom jy jouself “kind van God” kan noem!
   - Hy is besig met sy restourasiewerk in jou!
   - As jy dit teenstaan, bedroef jy Hom...

Slot: Efesiërs 4-6 is dus nie ‘n resep hoe jy dalk in die hemel kan uitkom nie. Dis riglyne van hoe ‘n kind van God naby aan sy Here kan lewe, en die volheid van sy seën kan ervaar. Heeltemal iets anders!